**ADVERTENSIE-ARTIKEL**

# ‘ ’n Sterk IVP ná verkiesing is noodsaaklik vir volgehoue demokrasie’

DIE Inkatha Vryheidsparty het rede om aanspraak te maak op 'n oorwinning en regverdiging in hierdie laat en kritieke voor-verkiesingsfase. Eers wanneer die emosies en retoriek, wat kenmerkend is van die land se dolle verkiesingstydperk, in die maande ná die verkiesing tot bedaring kom, sal Suid-Afrika besef hoeveel dank hy aan die IVP verskuldig is.

Meer as enigiets anders is die verdeeldheid en wantroue onder die verskillende politieke, ras- en etniese groepe waarskynlik die belangrikste strydpunt. Die akkommodering en beskerming van alle bevolkingsgroepe was dus 'n grondliggende kwessie in die onderhandelingsproses van die afgelope drie jaar en die grondwet wat daaruit voortgevloei het.

Die vroeë tekens wat die IVP raakgesien het, is met die tyd korrek bewys. Vanuit die staanspoor het die ANC verwag dat hy die verkiesing sou wen. Gevolglik was hy die party wat hom die meeste verset het teen die akkommodering van ander groepe en sou die algehele oordrag van toekomstige regeringsmagte hom die beste pas. Die ANC het gehoop daar sal 'n tyd aanbreek dat die swak provinsialisme waarvoor die tussentydse grondwet voorsiening maak, die algemene bevolking 'n valse gevoel van veiligheid sou gee.

## Federalisme

Danksy die IVP en sy onversetlike pogings om die situasie te verduidelik, het federalisme op die nasionale agenda gebly.

Wat die land in gedagte moet hou, is die ANC se verset teen die enigste vorm van magsdeling wat betekenisvol sal wees in 'n plurale samelewing soos dié van Suid-Afrika. In Kempton Park het hulle elke brief en elke woord beveg wat daarop gesinspeel het dat die toekomstige regering nie algehele seggenskap oor enige aangeleentheid in die land moet kry nie.

Wie kan vergeet hoe mnr. Nelson Mandela in Maart vanjaar sy mond verbygepraat het toe hy, te midde van druk om die IVP by die verkiesingsproses te betrek, onderneem het "om nie die gesag en mag van die provinsies aansienlik te verminder in die Grondwetlike Vergadering ná die verkiesing nie"! Dit was 'n duidelike bewys van die ANC se verskuilde plan om selfs meer mag vir homself in te palm nadat hy die verkiesing gewen het. Wat "aansienlik" is, sou natuurlik deur die ANC bepaal word.

Miskien moes ons nooit enige ander houding verwag het nie van die party wat hoop om munt te slaan uit sy voordeel van massa-euforie en die grootste bankbalans. Hy (die ANC) was meer as bereid om die gesogte, tydlose aard van 'n goeie grondwet te ignoreer deur dít wat in sy guns tel te gebruik om sy eie voorwaardes te stel.

Die IVP kan nie toelaat dat 'n potensieel gevaarlike situasie opduik waardeur ons toekoms waarskynlik een van konflik en tirannie sal wees nie. Die IVP was onwrikbaar, het 'n alternatiewe oplossing na aanleiding van wêreldervaring voorgestel en van ander politieke partye verwag om dieselfde te doen.

## Objektiwiteit

Ongelukkig het dit nie gebeur nie. Die partye wat juis daarop aanspraak gemaak het dat hulle federalisme steun, soos die Nasionale Party en die Demokratiese Party, het voor druk geswig.

In die geskiedenis sal stellig nog opgeteken word hoe die NP – ná 'n reeks geheime bosberade met die ANC ná Augustus 1992 – handomkeer teruggedraai het van hul verklaarde posisie ten opsigte van die onderhandelingsproses. Dit het die ANC in staat gestel om 'n nie-federale grondwet op te stel. Die DP het toe ook ingegee.

Hierdie fase van die onderhandelingsproses het duidelik die ware karakter van die belangriste politieke spelers in die land blootgelê. Dit het die één party uitgewys wat oor die objektiwiteit en intellek beskik om 'n politieke stelsel te propageer wat die geskikste sou wees vir die tipe land wat Suid-Afrika is. Eén party het na vore getree wat bereid was om onwrikbaar te staan te midde van enige mate van kritiek en beswaddering, om te streef na dít wat reg is – ondanks die feit dat dit hom duur te staan kon kom. Eén party wat integriteit het, het bo die ander uitgestaan.

Vandag is die IVP deel van die verkiesingsproses. Dit is teleurstellend dat die publiek nie genoeg tyd het om te besef wat die volle omvang is van die konsessies wat die IVP 'n paar dae gelede gewen het nie.

## Konsessies

Dié konsessies is die waarborg in die grondwet vir die voortbestaan van die Koninkryk van KwaZulu, en die versekering dat internasionale bemiddeling gebruik sal word wanneer betwisbare grondwetlike kwessies ná die verkiesing in die Grondwetlike Vergadering opduik.

Dit is nie naastenby wat die IVP in die belang van ons land wou hê nie, maar dit kán die beslissende verskil maak tussen vrede en konflik in die volgende era.

Die IVP, meer as enigeen anders, het geweet hoe naby die land aan burgeroorlog is. Deur op die nippertjie konsessies te wen en aan die verkiesing deel te neem, het ons die situasie ontlont.

'n Sterk IVP ná die verkiesing is noodsaaklik om die stryd om 'n volgehoue demokrasie te bly veg. Die IVP begin die wedloop saam met die ander partye wat reeds 'n goeie voorsprong opgebou het. Die onmiddellike tekens is dat die IVP goed gaan vaar, en dít is goeie nuus vir Suid-Afrika.

Die IVP het homself bewys as die enigste party met genoeg eerlikheid en moed om die groot pryse in die land te wen – federalisme, vrye ondernemerskap, vryheid vir alle bevolkingsgroepe, en die vrede en stabiliteit wat hiermee gepaard gaan.

(Hierdie advertensie-artikel is saamgestel en uitgereik deur Arthur Konigkramer van Natal Newspapers in opdrag van die Inkatha Vryheidsparty.)